



TJOKKIE

brokkies!



Uitgawe 6 | 3 | 2020

18 Sept 2020

Uit die Kantoor ...

Langnaweek

Ouers moet kennis neem dat die Vrystaatse Onderwysdepartement goedkeuring verleen het dat 25 September 'n skoolvakansiedag is. Donderdag, 24 September, is Erfenisdag. Let wel: die skool sluit nie vroeër op Woensdag, 23 September, vir die langnaweek nie.

Akademie

Ouers moet kennis neem dat die e-platform tans slegs aangewend word om aanvullende werk vir leerders, wat die vorige week by die skool was, te hersien. Geen lesse word aanlyn aangebied nie. Ek wil tog 'n beroep op ouers doen om kinders wat in groep 3 is, terug te stuur skooltoe. Nie net is dit ongemaklik vir personeel as kinders nie by die skool is nie, maar ons kom ook agter dat kinders nou 'n vrees vir skool ontwikkel. Dit kan problematies raak wanneer dinge weer na normaal terugkeer. Die kurwe van die pandemie het drasties gedaal en met die beweging na vlak 1, wil ek ouers aanmoedig om hul kinders weer by die skool te laat inskakel. Kinders is skoolpligtig en u as ouers het 'n wetlike verantwoordelikheid om hul formeel te laat skoolgaan. Hulle moet ook weer in roetine kom wat goed is vir hul ontwikkeling.

LAATKOMERY

Ons merk op dat daar heelwat ouers is wat hul kinders laat by die skool aflaa. Die tendens is baie erger as in die verlede en is onaanvaarbaar. Dit is vir ons 'n groot probleem en veral ons jonger leerders is baie skuldig. Personeel is vroeg op hulle pos, en ek verwag dat kinders ook betyds by die skool sal wees.

Dan is daar ook ouers wat hul kinders by verkeerde hekke aflaa. U is reeds vroeër die jaar ingelig rondom ons beweegrede vir hierdie reëling. Hou asb. by die reëlings soos met u gekommunikeer.

OUERINLIGTINGSBRIEF

Dankie vir die ouers wat flink gereageer het op ons versoek om die vorms te voltooi en terug te stuur skooltoe. Daar is egter nog heelwat vorms uitstaande. Voltooi en stuur asb. so spoedig moontlik terug na u kind se registeronderwyser.

BELANGRIKE DATUMS OM TE ONTHOU:

23 Sept. Skool sluit vir langnaweek(verdaag 13:30)

28 Sept. Skool begin vir groep 1

3 Okt. Gr.1 "Drive through" Opedag (2021)

15 Okt. Toetsweek Gr. 4-7 (Formele assesserings). Sien aangehegte toetsrooster.

22 Okt. Gr. R Opedag (2021)

23 Okt. Skool sluit tot 2 Nov.

Verlore klere (Herhaal)

Ons kry heelwat navrae van ouers oor hul kinders wat hul skoolklere verlê en dan nie weet waar om daarvoor te gaan soek nie. Alle verlore klere en kossakkies sal voortaan na die Middagstudiekombuis (langs klerebank) geneem word, waar kinders dit dan kan gaan uitsoek. Ouers kan dan ook in tye wanneer die klerebank oop is (slegs Maandae 7:30 - 9:00 en Vrydae van 12:30 - 14:00) daar gaan kyk vir u kind se verlore items.

Dit bly egter belangrik dat ALLE klere en items deeglik gemerk moet wees. Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir klere wat verlore raak nie. Ons doen wel moeite om leerders met lang vingers op te spoor en dienooreenkomstig op te tree.

ADVERTENSIE OP "DESKPAD"

Aandag alle ouers met besighede: Onthou asb. van die aanbod om op ons "deskpad" te adverteer. Daar is nog plek oop. Op 30 September word besighede buite ons Tjokkies-familie genader vir advertensiespasie.

Tjokkies
50
JAAR 2020

Kontak gerus vir Suzane by bemarker@tjokkies.co.za vir verdere navrae en plek-bespreking.

Toetsrooster - Oktober 2020

Ouers en leerders moet asseblief kennis neem van die aangehegte toetsrooster. Groep 1-leerders skryf vanaf 07:30 - 10:00. Groep 2-leerders skryf vanaf 10:30 - 13:00. Groep 3-leerders (**leerders met komorbiditeit/tuisonderrig-leerders**) skryf ook in die aangewese tydgleuf saam met die bepaalde groep waarin hul ingedeel is. Konsessieleerders sal steeds geakkommodeer word en sal hul assesserings by die remediërende onderwysers aflê. Ons doen 'n beroep op u as ouers om seker te maak dat u kind wel die formele assesserings kom aflê tydens die toetsweek. Die pandemie het die kurrikulum daartoe genoodsaak om slegs een formele assessering af te lê. Dit is dus van kardinale belang dat leerders nie onnodig uit die skool gehou word vir welke redes nie.

Die GSF en Kleuterskool-leerders bly normaal in hul groepe en kom steeds skooltoe soos deur die onderwysers met u as ouers gekommunikeer. Die skool sluit op Vrydag, 23 Oktober, en begin weer op Maandag, 2 November, vir die leerders van groep 2.

VOORTREKKERS

Die Gr. 7-Voortrekkers het 'n belangrike brief oor die PD-toetsing wat hierby aangeheg is.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

